**VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.**
31 President CR Swart Street/Straat, REITZ, 9810
PO Box/Posbus 100, REITZ, 9810
Tel: +27 (0)87 358 8111
vkb@vkb.co.za
www.vkb.co.za


Mnr. Koos Janse van Rensburg


Dr. PG Strauss

22/06/2022

Vir onmiddelike vrystelling

Persverklaring - **AANSTELLING VAN NUWE BESTURENDE DIREKTEUR: VKB GROEP**

Mnr. Koos Janse van Rensburg, die VKB Groep se huidige Besturende Direkteur, tree af op 30 September 2022. Hy het op 1 Februarie 2007 aangesluit by die VKB Groep. In die daaropvolgende 15 jaar het hy 'n merkwaardige bydrae gelewer tot VKB se dinamiese groei en vooruitgang. Die VKB Groep het gedurende hierdie tydperk gegroei van 'n koöperasie tot 'n suksesvolle, uitgebreide groep van 33 entiteite met gediversifiseerde belange in die landbouwaardeketting. Mnr. Van Rensburg is welbekend in veral die landboubedryf, en 'n geliefde en dinamiese leier wat sy mense saamsnoer en 'n kultuur van uitnemendheid skep.

Die Direksie van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. het op 21 Junie 2022 bekend gemaak dat dr. PG Strauss aangestel is as mnr. Van Rensburg se opvolger. Dr. Strauss beklee tans die posisie van Besturende Direkteur van VKB Landbou (Edms.) Bpk. Hy het 'n roemryke loopbaan in die landbou en internasionale handel. Benewens uitsonderlike kennis en ervaring, bring dr. Strauss dinamiese en innoverende besigheidsvisie en 'n passie vir kliëntediens na die VKB Groep. Die Direksie sien met verwagting uit na sy bydrae om die VKB Groep na nog hoër hoogtes te lei.

Vrygestel ten behoewe van VKB Landbou (Edms.) Bpk.

Vir verdere inligting:

Koos Janse van Rensburg (Groep Besturende Direkteur: VKB Groep)

Tel 058 863 8255

of

E-pos ons by: vkb@vkb.co.za

An Authorised Credit Provider/Gemagtigde Kredietverskaffer NCRCP7984
Registration Number/Registrasienommer: 2015/165238/07
VAT/BTW: 4870272103